TRADISIONELE BOEREMUSIEKKLUB VAN S.A.
POSBUS 55549
ARCADIA
0007
16 NOVEMBER 1995

Geagte lid,

Soos in die laaste Nuusbrief (4/95) belowe was, is hierdie dan die laaste stukkie nuus vir 1995, wat saam met Oom Piet Bester se nuwe VASTRAPPER uitgestuur word. Daar is 'n paar korreksies wat aangebring moet word, wat per abuis weggelaat was in die laaste nuusbrief.

a. Die volgende naam moet by die TBK se hoofbestuur gevoeg word : Kobie Harmse .
b. Neels Botha (Voorsitter - Bloemfontein tak) moet by die takvoorsitters gevoeg word.

1. BYEENKOMSTE VIR 1996 : *Op hierdie stadium het ons nog nie al die datums van die takke se byeenkomste vir 1996 nie, dus gee ons die byeenkomste vir Januarie en Februarie wat wel bekend is :*

a. **20 Januarie 1996 :** *Wesrand-tak in die Witpoortjie Ontspanningsaal (reg oorkant die Adelaar Hoërskool). Kontakpersoon Oom Ben Low telefoon 011-764-2205,*

b. **27 Januarie 1996 :** *Vaaldriehoek-tak - in samewerking met Radio Koppies - byeenkoms in die Gemeenskapsaal te Koppies (die Oudag Boere-orkes sal ook hier optree). Kontakpersoon : Peet van Staden telefoon 016-812605,*

b. **3 Februarie 1996 :** *Pretoria-tak in die Akasia stadsaal, Dalestraat, Karenpark, Pretoria-Noord. Kontakpersoon Tom Adams telefoon 012-713700 (na ure), of Tant Lilly King telefoon 012-3792904,*

c. **24 Februarie 1996 :** *Bloemfontein-tak in die Posduifsaal, Bloemfontein. Kontakpersoon Neels Botha telefoon 051-333298.*

3. HARTSWATER-TAK : *Oom Ben Bester het laat weet dat die tak se jaar-eind funksie en AJV op die 2de Desember in die Rolbalsaal sal plaasvind. Die datum moes noodgedwonge met 'n week vervroeg word.*

4. OUJAARSAAND DANS : *U word net weer daaraan herinner dat die Oudag Boere-orkes 'n oujaarsaand dans op die 30ste Desember in die Akasia stadsaal, Dalestraat, Karenpark, Pretoria-Noord aanbied. Die dans begin die aand om 19H00 (7nm) en die laaste wals sal om 23H58 (11.58nm) gespeel word. Om teleurstelling te vermy, word u versoek om vroeg daar te wees, want volgens navrae reeds ontvang, word heelwat mense die aand verwag.* **(LW Hierdie is NIE 'n TBK byeenkoms nie)** *Toegang : R35-00 per paar.*

Hiermee wil die hoofbestuur van die TBK sy dank en waardering uitspreek aan u almal wat die afgelope jaar die klub ondersteun en 'n bydrae gelewer het - al is dit ook hoe klein - dit word baie waardeer. Aan almal wat 'n briefie in die pos gegooi het net om dankie te sê vir die werk wat die TBK bestuur doen, baie dankie. Aan al die orkeste en musikante wat op byeenkomste opgetree het, baie dankie vir jul onbaatsugtige ondersteuning - julle het baie bygedra tot die bevordering van tradisionele boeremusiek. Ook aan almal wat "agter die skerms" werk vir die TBK gedoen het, 'n hartlike dank - ons wens ons kon elkeen 'n handdruk gegee het net om dankie te sê.

Waar ons dan nou aan die vooraand van 'n nuwe jaar staan, wil die hoofbestuur dan ook van hierdie geleentheid gebruik maak om u, u gesin en familie-lede elkeen 'n baie geseënde Kersfees en 'n baie voorspoedige 1996 toe te wens. Mag al u drome, voornemens en wense vir 1996 bewaarheid word. Mag die beste van 1995 die slegste in 1996 wees. As u met vakansie gaan, ry versigtig en kyk na die motors voor EN agter jou. Geniet die verdiende vakansie en mag u weer vol lus vir 1996 veilig terugkeer.

Beste wense en tradisionele boeremusiek groete van huis tot huis.

Adams

(T.E. ADAMS (TOM) : VOORSITTER : PRETORIA-TAK VAN DIE TBK VAN S.A.)